# STRYD EN SKEURING IN DIE NEDERLANDSE GEREFORMEERDE KERKE[1]

**deur prof. S. Du Toit[2]**

## Die Leergeskille

In die April-uitgawe van 1940 het ondergetekende die lesers van "Koers" na die beste van sy vermoë ingelig aangaande die leergeskille in die Nederlandse Geref. kerke. Daar is aangetoon dat die verskille ontstaan het in verband met die volgende punte: Algemene genade, genadeverbond en selfondersoek, die onsterflikheid en substansialiteit van die siel, die vereniging van die twee nature van Christus, die pluriformiteit van die kerk.

Die saak is op die sinode van Sneek in 1939 nie afgehandel nie, omdat al die rapporte nie gereed was nie. Die sinode is verdaag en het sy sittinge met onderbrekinge voortgesit te Sneek en te Utrecht tot 1942. Normaliter moes in 1942 weer 'n nuwe sinode vergader, maar die sinode van Sneek-Utrecht het gemeen dat omstandighede van die aard was dat die sinode van 1942 uitgestel moet word tot 1943. Hierdie handelwyse van die sinode van Sneek-Utrecht is deur die nuwe sinode van 1943 goedgekeur.

Nie lank na die sinode van Sneek in 1939 nie het die proff. Greydanus en Schilder hulself onttrek aan die werksaamhede van die deputaatskap wat moes rapporteer oor die leergeskille en uiteindelik ook aan die vergaderinge van die sinode self, hoewel die sinode ernstig daarop aangedring het dat hulle sal saamwerk. Beide hoogleraars het besware teen die behandeling van die leergeskille geopenbaar en toe die sinode ten spyte daarvan tog besluit het om deur te gaan, het hul nie verder saamgewerk nie.

Die sinode het egter aangegaan met sy werk en uiteindelik in 1942 oor al die genoemde punte besluite geneem, behalwe oor die vraagstuk van die pluriformiteit van die kerk, in verband waarmee slegs verwys is na 'n besluit van Leeuwarden 1920, terwyl 'n kommissie ondersoek sal instel na die noodsaaklikheid al dan nie van verder uitbreiding van die genoemde besluit.

## Besware teen die uitsprake van 1942

Dadelik het 'n storm van protes ontstaan, veral teen die toeligting van die leerbesluite deur 'n sinodale deputaatskap.Merkwaardigerwyse gaan die stryd nou konsentreer om 'n onderdeel van die uitsprake, naamlik om die kwessie van die verhouding tussen verbond en doop. In verband met die genadeverbond en die selfondersoek het die sinode naamlik met instemming 'n gedeelte van 'n besluit van 1905 aangehaal, en hoewel ook besware teen die uitsprake op ander punte gekoester is, ontbrand die vuur tog rondom die genoemde punt. Om hierdie rede sal ons nou slegs die uitspraak in verband met die genadeverbond vermeld, terwyl in 'n volgende uitgawe uitvoeriger op die leerstellige kwessies ingegaan sal word.

---

[1] *Koers*, Deel XIII. No.4, Februarie 1946, p.123-135. Die opmerkings in die voetnotas van hierdie artikel is bygevoeg deur Slabbert Le Cornu.

[2] Prof. S Du Toit (Totius se seun), was professor in OT – GKSA.

**Binding aan die uitsprake van 1942**

Nog hoër sou die vlamme oplaai toe die sinode bepaal het dat van alle aanstaande predikante instemming met die leeruitsprake van 1942 gevra sal word, alvorens hulle tot die bediening toegelaat sal word. Prof. Schilder het aan die kerkraad van Kampen, waar sy hooggel. lidmaat is, 'n stuk toegestuur, waarin hy die kerkraad adviseer om, "ooreenkomstig artikel 31 van die kerkorde," hulle nie te onderwerp aan die leeruitsprake nie, maar via Klassis en Part. sinode beswaar te maak.

**Skorsing en skeuring**

Nadat daar 'n langdurige, pennestryd tussen prof Schilder en die sinode was, waarin die sinode van die prof. 'n de facto (feitelike) erkenning van die leerbeslissinge gevra het, asook 'n erkenning dat hy die advies aan die Kerkraad van Kampen nie moes gegee het nie, is prof. Schilder uiteindelik geskors vir 'n tydperk van drie maande as hoogleraar en as emeritus-leraar van Rotterdam-Delfshaven, die gemeente waaraan hy laastelik verbonde was.

Proff. Greijdanus en Schilder het hierop besluit om af te skei en laasgenoemde het in Den Daag 'n "acte van vrijmaking en wederkeer" voorgelees, in die trant van die akte van afskeiding in 1834. Die nuwe kerk se naam is die "Vrijgemaakte Geref. kerk" en volgens berigte het reeds ongeveer negentig predikante en 10% van die lidmate by die nuwe kerk aangesluit. Behalwe proff. Greijdanus en Schilder is nog drie professore gekies t.w.di. Volbeda, Veenhof en Deddens.

Aangesien die saak ook vir ons kerke alhier van betekenis is, mede vanweë die feit dat ons dieselfde belydenisskrifte het, wil ons nader daarop ingaan. Vandaar hierdie poging om 'n beoordeling van die hele situasie te bied: Die saak het 'n kerkregtelike en 'n leerstellige kant wat agtereenvolgens behandel word.

## DIE KERKREGTELIKE ASPEK

**Besware teen die prosedure van die Sinode**

'n Eerste beswaar teen die optrede van die sinode van Sneek-Utrecht is dat dit homself gedurig verleng het tot selfs in 1942, toe normaliter die nuwe sinode weer moes vergader. Volgens beswaardes gee art. 50 K.O. wel opening vir die oproeping van 'n sinode binne die drie jaar, maar geen reg am dit langer as drie jaar uit te stel nie. Hierteenoor wys die sinode daarop dat dit selfs die reg het om bepalinge van die K.O. te verander as dit nodig mag blyk, maar dat art. 50 nie oortree is nie, omdat dit spreek van die reël (dit gebruik in die Hollands die woord "ordinaarlijk") en dit wil nie bepaal dat daar geen uitsondennge mag wees nie. Daarby kom dat die nuwe sinode van 1943 die handelinge van sy voorganger bekragtig het teenoor beswaarskrifte.

Verder word beswaar gemaak teen die *binding* aan die leerbesluite van 1942 en wel tot so 'n mate dat ampsdraers wat hulself nie daaraan wou onderwerp nie weens gewetensbesware, geskors is. Die beswaardes is wel gewillig om hulle aan die belydenisskrifte te onderwerp, maar na hulle oortuiging geld

die binding nie ten opsigte van leeruitsprake nie. Verder doen hulle 'n beroep op art. 31 van die kerkorde wat soos volg lees: "Wat deur die meeste stemme goedgevind is, moet as vas en bindend beskou word, tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of met die artikels van hierdie kerkorde, so lank hulle nie deur 'n ander Algemene sinode verander is nie."
Die vraag waar dit om gaan, is die volgende: Aan wie moet die bewys gelewer word dat die besluit stry met die Woord van God? Die beswaardes meen dat dit genoegsaam is as iemand voor die forum van sy eie konsiensie die bewys gelewer het, hoewel dit nie uitsluit dat hy ook die meerdere vergaderinge moet probeer oortuig nie. Sodra dit vir die eie gewete vasstaan dat 'n bepaalde besluit in stryd is met die Skrif of die kerkorde, het iemand nie nodig om homself te onderwerp nie.

Hierteenoor handhaaf die sinode dat hierdie standpunt moet uitloop op gesagsondermyning en anargie in die kerk. As elkeen maar vir homself kan uitmaak of en wanneer hy homself sal onderwerp, word kerkregering onmoontlik. Die juiste posisie is dat iemand hom de facto onderwerp en dan by die volgende sinode sy besware kenbaar maak. Natuurlik kan daar gevalle wees waar 'n besluit in flagrante stryd is met 'n uitgedrukte woord van God, soos die vaders dit genoem het, en dan is iemand geroepe om dadelik sy nee uit te spreek. 'n Kerk moet egter grondig gedeformeer wees as dit die geval sou wees. Om hierdie rede word met die algemene reël rekening gehou dat daar onderwerping aan sinodebesluite moet wees.

'n Algemene beswaar is dat die sinode die weg van die "doleansiekerkreg" verlaat en weer op die kerke die sinodale juk gaan lê het. As die sinode maar *besluit* het, dan is die saak daarmee uit. Dit was teen hierdie dwangjuk van die sinode dat die stryd van De Cock en Kuyper gegaan het en nou lê 'n Gereformeerde sinode dieselfde juk op. Die selfstandigheid van die plaaslike gemeente word heeltemal ondermyn. Sommige beswaardes gaan selfs so ver om te beweer dat alle besluite van meerdere vergaderinge eers deur die plaaslike kerke geratifiseer moet word voordat hulle van bindende krag is. Volgens hulle het "die Sinode nie meer gesag as die kerkraad nie, maar minder. Veral die skorsing van prof. Schilder het olie op die vuur gewerp. Volgens die beswaardes het dit nie in die bevoegdheid van die sinode gelê om die prof. ook te skors as predikant nie. Hulle moes die kerkraad van Rotterdam-Delfshaven geadviseer het om dit te doen ooreenkomstig die K.O.

Die sinode beklemtoon hierteenoor dat meerdere vergaderinge wel deeglik gesag het en beroep hulle op art. 36: "Dieselfde seggenskap het die Klassis oor die kerkraad wat die Partikuliere sinode oor die klassis en die Algemene sinode oor die Partikuliere het."
Verder word aangetoon dat die sinode sy besluite nie as van krag beskou omdat dit nou eenmaal *besluit* is nie, maar omdat dit na die oortuiging van die meerderheid ooreenkomstig die Woord van God en die Belydenis is. Aan besware het hulle altyd 'n gewillige oor geleen en uitvoerig daarop geantwoord. As hulle die besware afgewys het, is dit omdat hulle nie daardeur oortuig is nie.

Wat die geval van prof. Schilder betref, beroep die sinode hom op voorbeelde uit die tyd van die Dordtse sinode toe predikante direk deur meerdere vergaderinge geskors is. Van sy kant beweer die sinode dat die beswaardes baie naby aan die Independentisme is en nie meer Gereformeerd nie. Die grond vir die skorsing van prof. Schilder word deur beswaardes as onvoldoende beskou.
Die prof. is naamlik geskors weens skeurmakery ooreenkomstig art. 80 van die K.O. en as gronde word opgegee dat hy die plaaslike gemeentes opgewek het, om hulle nie aan die sinodebesluite te onderwerp nie; homself ook nie de facto daaraan wou onderwerp nie en nie sy leedwese wou betuig oor wat hy gedoen het nie. Verder het die prof. homself onttrek aan die sinodale arbeid, hoewel die sinode hom herhaaldelik versoek het om te kom. Hoewel hyself geen beswaarskrif teen die besluite van 1942 by die sinode van 1943 ingedien het nie, het hy nadat die beswaarskrifte afgewys is, die sinodebesluite opelik bestry.

Prof. Schilder en sy medestanders is van oortuiging dat hy volkome binne die kerkorde bly as hy aan 'n plaaslike kerkraad adviseer om ooreenkomstig K.O. (art. 31) hulle besware kenbaar te maak by die meerdere vergaderinge. Die sinode stel hierteenoor dat besware teen sinodebesluite by die volgende sinode ingedien moet word en nie by plaaslike kerke nie. Die prof. het in sy ondertekeningsformulier beloof dat hy sy besware kenbaar sal maak aan die kerk *in Generale sinode vergader*.
Dat die prof. hom onttrek het aan die sinodale arbeid is nie 'n oortreding nie, volgens die beswaardes. 'n Teologiese prof. - so redeneer hulle -is nie verplig om die vergaderinge van die sinode by te woon nie. Hy kan kom as hy wil. Buitendien, prof. Schilder het daarop gewys dat sy teëstanders in die openbaar skrywe en dat hy weens oorlogsomstandighede daartoe nie in staat is nie. Gedurende 'n hele tyd was hy ook "onderduiker" d.w.s. hy het aan die ondergrondse beweging deelgeneem en moes homself skuilhou.
Die sinode van sy kant hou vol dat daar wel geen uitdruklike bepaling is dat proff. die sinodes moet bywoon nie, maar alles hoef ook nie gereglementeer te word nie. Dit is 'n eeue-oue gebruik en die kerk verwag dat sy proff. - en veral die prof. in Dogmatiek waar dit leerkwessies betref - advies sal gee. Dit is ondermynend as die prof. dan agterna die uitsprake bestry en selfs kerkrade adviseer om hulle nie te onderwerp nie.

Die sinode het ten volle met die moeilikhede van die prof. rekening gehou en die uiterste lankmoedigheid betoon. Hoewel hy nie in die publiek mog skryf nie, sou hy volle geleentheid ontvang het om sy saak op die sinode voor te dra, want die sittinge is in komitee gehou. Prof. Schilder se begeerte was eintlik dat die leerkwessies in openbare sitting behandel sou word, maar weens die oorlogsomstandighede was dit nie moontlik nie. Hoewel die prof. nie op die sinode verskyn het nie, was hy tog voortdurend besig om die sinode te bestry. As hy nie te voorskyn kon kom nie, kon hy tog ten minste 'n passiewe houding ingeneem het. Die sinode gee toe dat elkeen van die skorsingsgronde, *afsonderlik beskou*, nie genoegsaam sou wees nie, maar hulle het met 'n hele kompleks van insubordinasie te doen.

## DIE LEERSTELLIGE ASPEK

**Die leeruitspraak van 1942 insake genadeverbond en selfondersoek**

Reeds vóór 1936 is beskouinge in verband met die genadeverbond voorgedra wat in verskillende kringe aanhangers gevind het en by sommige onrus laat ontstaan het. Ons gee die verskillende beskouinge hier kortliks weer:

1. Ons is in die verbond wedergebore en kan deur ons eie skuld afval. Wie bondeling is, is in Christus ingelyf, dié het die ewige lewe. Gesien onder die gesigspunt van die Goddelike verkiesing bly die werk van God in stand en is daar geen afval nie. Maar gelet op ons roeping is daar wel afval.

2. God sê vir elke bondeling: Ek gee aan jou die vergewing van sondes en dit word beseël deur die doop. Of die bondelinge egter die heil sal ontvang, hang daarvan af of hulle dit aanneem.

3. Hiervolgens word onderskeid gemaak tussen gelowiges-in-die-tyd en gelowiges-in-die-Raad-van-God. Die gelowiges in die tyd is kinders van God en het deel aan Christus. Maar dieWoord van God wat Hy oor gelowiges in die tyd gespreek het, kan herroep word. As die gedoopte die verbond breek, berou dit die Here.

Beskouing 1 gee die indruk asof daar tog 'n afval van die heiliges kan wees, terwyl 2 dit laat voorkom asof dit van die mens afhang of God se werk sal bestaan al dan nie, en 3 'n gevaarlike teëstelling aanneem.

Oor die algemeen kom hierdie beskouinge daarop neer dat *uitverkorenes* en *bondelinge* nie kwantitatief gelyk is nie. Laasgenoemdes is meer as eersgenoemdes. Maar dan ontstaan die vraagstuk: as dit só is, moet een van twee aangeneem word: óf dat daar bondelinge kan wees wat nie in Christus begrepe is nie; óf dat 'n mens wel in Christus begrepe kan wees en tog verlore gaan. Albei is vir die sinode onaanvaarbaar, maar die bogenoemde beskouinge probeer die moeilikheid op een of ander wyse oplos.

Die groot beswaar teen die gangbare opvatting is dat dit oor die verborge dinge wil redeneer. Ons mag nie onderskeid maak tussen egte bondelinge en sulkes wat alleen uitwendig aan die weldade deel het nie. Dan kan ons nooit seker wees as 'n kind gedoop word of sy doop wel 'n egte doop is nie. Nee, almal is kinders van God, hoewel daar onderskeid moet gemaak word tussen 'n algemene en besondere kindskap van God. Die doop is 'n egte teken. Die feit dat sommige gedooptes verlore gaan, doen daar niks van af nie. Om hierdie rede is die beswaardes ook teen die selfondersoek in die prediking, want dit soek 'n subjektiewe grondslag vir geloofsekerheid. In plaas dat ons glo wat God *sê*, word die hart ondersoek om uit te vind of God iets aan ons *doen*.

Ons voel dat dit 'n konsekwente toepassing is van hul standpunt dat alle gedooptes bondelinge is. Met die verborge dinge, dus ook met die saak of sommige verlore gaan, het ons niks te maak nie. In kort kom dit daarop neer dat hulle wel selfondersoek na ons *toestand* wil hê, met name ons sondige toestand, maar nie selfondersoek na die *staat* nie, d.w.s. of ons wel kinders van God en wedergebore is nie. Ten einde aan al die verwarring 'n einde te maak het die sinode *met algemene stemme* die volgende konklusies aanvaar:

*a. Aangaande het genadeverbond:*

1. dat het genadeverbond van zulk een fundamenteele beteekenis voor het geloofsleven is, dat zoowel de prediking als elke andere arbeid der kerk ervan behoort uit te gaan, en dat iedere voorstelling of practijk moet gemeden, die aan de beteekenis van Gods verbond te kort zou doen;

2. dat de Heere in de belofte des verbonds ongetwijfeld toezegt de God niet alleen van de geloovigen, maar ook van hun zaad te zijn (Gen.17:7); doch in Zijn Woord ons niet minder openbaart, dat zij niet allen Israel zijn, die uit Israel zijn (Rom.9:6);

3. dat daarom - overeenkomstig hetgeen de synode van Utrecht 1905 (Acta art.158) uitgesproken heeft - "het zaad des verbonds krachtens de belofte Gods te houden is voor wedergeboren en in Christus geheiligd, totdat bij het opwassen uit hun wandel of leer het tegendeel blijkt"; al heeft de synode daaraan ook terecht toegevoegd, dat dit "geenszins zeggen wil, dat daarom elk kind waarlijk wedergeboren zou zijn";

4. dat de kerk ook haar ten avondmaal toegelaten leden naar ditzelfde oordeel der liefde heeft te beschouwen en te behandelen;

5. dat het met de waarachtigheid Gods strijdt, zulk een tweeheid in de Schrift aan te nemen, dat zij aangaande dezelfde zaak ja en neen zegt en eenerzijds de volharding der heiligen leert, anderzijds dat wedergeborenen kunnen afvallen en verloren gaan;

6. dat men niet minder feil gaat door een valsche tegenstelling te maken tusschen een eeuwig verbond en een verbondsbedeeling in den tijd; en door de spreekwijze der Schrift, om de leden der kerk in het gemeen geloovigen te noemen, aldus op te vatten, dat alle kerkleden geloovigen zijn, maar dan "geloovigen in den tijd" en daarom nog niet "in den Raad Gods"; wat in strijd is met de Schrift, die de leden der kerk in het gemeen evenzeer aanspreekt als "uitverkorenen naar de voorkennis van God den Vader" (1 Petr.1:2, vgl. Col.3:12; Efeze 1:4-5).

*b. Aangaande het zelfonderzoek:*

1. dat onder meer de bediening van de sleutelmacht, die Christus aan Zijn kerk heeft toebetrouwd, eischt, dat in het midden der gemeente tot een ieder uitga de ernstige vermaning tot zelfonderzoek ook aangaande de vraag of hij waarlijk in den Christus Gods gelooft (Heidelb. Catech. antw. 84);

2. dat dit zelfonderzoek ongetwijfeld in het verbond der genade zijn uitgangspunt behoort te nemen, maar daarom door den doop niet minder noodzakelijk gemaakt wordt, aangezien niet ieder gedoopte het ware geloof bezit;

3. dat de vermaning tot zelfonderzoek niet in strijd is met den oproep tot geloof en bekeering, maar veeleer als een onderdeel daarvan is te beschouwen, en daarom nooit naar den achtergrond mag dringen de vermaning, om zijn vertrouwen alleen te stellen op de offerande van Jezus Christus aan het kruis, waarheen Woord en Sacrament ons geloof als op den eenigen grond onzer zaligheid wijzen (Heid. Catech. antw. 67) en dat de sterking des geloofs door de werking des Heiligen Geestes het allereerst hiervan te verwachten is;

4. dat dit echter niet uitsluit, dat de christen van zijn geloof ook wordt verzekerd uit de werken (Heidelb. Catech. antw. 86) en in het algemeen uit het waamemen van de kenmerken der genade, die door Woord en Geest in hem worden gewerkt (Dordtsche leerregels I 12; V 10).

Soos reeds opgemerk ontbrand nou 'n nuwe stryd wat nie soseer oor die leeruitsprake in die algemeen gaan nie, maar spesiaal dié oor die genadeverbond tref en dan nog meer in besonder konklusie 3 waarin aangehaal word uit die besluite van 1905. Vóór hierdie jaartal was daar ook 'n heftige stryd wat deur die sinode van Utrecht in daardie jaar tot 'n gelukkige einde gebring is. Gedurende 40 jaar het die formule van 1905 vrede bewaar. Nóg prof. Greydanus, nóg prof. Schilder het daar ooit 'n beswaarskrif teen ingedien nie. Laasgenoemde het dit selfs verdedig teenoor die bewering dat dit in stryd is met die gees van die Afskeiding van 1834 en die kommentare van eersgenoemde gee dieselfde doopsbeskouing (*sien bylae 1 en 2 – SLC)*.[3]

Die merkwaardige is dat die besware nie soseer gemaak word teen die nuwe uitsprake van die sinode nie, maar teen die aanhaling van 1905. Uit die beswaarskrifte .wat ingedien is (o.m. deur wyle dr. S. O. Los e.a.), blyk dat daar hoofsaaklik vyf besware bestaan, nl.:

1. Die belydenis leer dit nergens nie;
2. die verklaring gaan in teen duidelike uitsprake van die belydenis;
3. die beroep op die oordeel van die liefde is hier nie geoorloof nie;
4. die breuk met die Christelik-Gereformeerdes word hierdeur verskerp;
5. dit bring allerlei gevare mee vir die praktyk van die godsaligheid.

Oor die algemeen skyn dit die gedagte van beswaardes te wees dat die sinode die A-rigting (die rigting van die Afskeiding van 1834) in 'n hoek gedruk, en party gekies het vir die sog. Kuyperianisme: die leer van die "veronderstelde wedergeboorte" sou hierdeur weer ingeloods wees.

[3] Vir Schilder se verdediging van die Utrecht-verklaring van 1905 teenoor die aanvalle van die Christelik Gereformeerde Kerk van Nederland se teoloë, sien: E. Smilde, *Een Eeuw van Strijd over Verbond en Doop* (Kampen: Kok, 1946), p.301-303; A. De Bondt & J. Weggemans, *Verbond en Doop, deel III: "Is de verklaring van 1905 innerlijk teenstrijdig?"* (Groningen: J. Niemeijer, 1944), p.50-54.

Om op die argumente van voorstanders van die sinodebesluit in te gaan, sou 'n afsonderlike artikel vereis. Ons wil die belangstellende leser intussen verwys na die ondergenoemde pra-advies ,van Komm. I, asook die werkies van Polman en De Bondt-Weggemans.
Kortliks kan net gesê word dat ter verdediging aangevoer word dat 1905 heeltemal in die lyn van die Afskeiding van 1834 is en dat ook manne van albei rigtinge hoogs tevrede was met die besluit.
Die besluit het nie die "veronderstelde wedergeboorte" as grond van die doop aangeneem nie, maar nadruklik verklaar: "dat dit minder juis is om te verklaar dat die doop aan die kinders van die gelowiges bedien word op grond van hulle veronderstelde wedergeboorte, omdat die grond van die doop is die bevel en die belofte van God."
Die sinode het ook nie probeer om 'n uitgewerkte verbondsleer daar te stel nie, maar alleen afgewys wat na sy oortuiging nie in harmonie met die Skrif en die belydenis is nie en positief alleen dít gestel wat vasstaan.
As daar beweer word dat dit slapheid in die hand kan werk as alle gedooptes vir wedergebore gehou moet word, is die antwoord dat die enkeling nie die reg het om homself as wedergebore te beskou op grond van die feit dat die kerk hom na die oordeel van die liefde as sodanig beskou nie. Juis dáárom is selfondersoek nodig. As verklaar word dat 1905 nooit bindend verklaar is nie, en dat daarom geen opposisie ontstaan het nie, word geantwoord dat alle sinodebesluite bindend is, onderworpe aan die bepalinge van art.31, om 't ewe of dit nadruklik gesê word of nie. As die verwyt gemaak word dat die leergeskille in die doofpot gedoen moes gewees het terwyl die verskriklike gésel van God oor die land gegaan het, antwoord die sinode dat die voorstanders van die nuwe beskouinge tog voortgegaan het met hul propaganda onder die volk, sodat dit nie meer 'n bloot teologiese kwessie was nie en die sinode moes waarsku.

**Besluit**

En nou is die skeuring 'n feit, 'n bedroewende feit. Enigeen wat daarvan verneem, spreek dadelik as sy oortuiging uit dat sake nie in hierdie rigting kan bly ontwikkel nie - sodoende word die Gereformeerde Christendom tot 'n aanfluiting. Van Hervormde kant is reeds opgemerk dat ons hier die vrug het van Kuyper se beleid. M.a.w. die Gereformeerdes moes nooit die Hervormde kerk verlaat het nie.

Die Gereformeerde Kerke in Nederland besef blykbaar self dat daar ernstig oor die onderhawige kwessies beraadslaag moet word en aangesien die Christ. Geref. Kerk in Noord Amerika 'n uitnodiging aan die Nederlandse Geref. Kerk en die Geref. Kerk in S.A. gerig het om in Aug. 1946 saam te vergader, is van Nederlandse kant versoek dat hulle moeilikhede ook aldaar bespreek sal word.

Reeds toe in 1892 die kerke van Afskeiding en Doleansie verenig is, het die Christ. Geref. Kerk in Nederland eenkant bly staan, gedeelteIik vanweë dieselfde dogmatiese besware as die van die Schildergroep van tans. Daarna het moeilikheid gekom met dr. Geelkerken wat sy eie kerk gaan stig het

en nou weer met prof.Schilder e.a. Dit word hoog tyd dat daar ernstig ondersoek ingesteI sal word na die *wortel van die kwaad*.

Ondergetekende wil hiertoe 'n beskeie poging waag, in die besef dat dit maar gebrekkig is, veral waar dit nie moontlik is om 'n ondersoek ter plase in te stel nie. Hy het met 'n ope gemoed die offisiële stukke van die sinodes, asook 'n hele aantal pamflette van beide kante, gelees en geprobeer om tot 'n objektiewe oordeel te kom.

In die eerste plek moet die vraag gestel word of die leergeskille ooit op die sinode moes gekom het. Moes dit nie liewer in akademiese konferensies uitgemaak gewees het nie ? Van die kant van die anti-sinodales word hierdie vraag bevestigend beantwoord, maar van die kant van die sinode word daarop gewys dat die nuwe rigting hulle beskouinge onder die volk verbrei het en selfs gedurende die oorlogsjare voortgegaan het met hul propaganda.
Ander Gereformeerdes is van oortuiging dat (die) verskillende gedagtes nie in ooreenstemming met Skrif en belydenis is nie. Moet hulle nou swyg en moet dit gedoog word dat allerlei rigtinge binne die Geref. kerke ontstaan? Is ons dan nie maar weer op die standpunt van die Hervormde kerk dat verskillende rigtinge binne die kerkverband 'n tuiste kan vind nie? Waar is dan die grens tussen leertug en leervryheid?

Ons is oortuig dat die sinode nie mog swyg of die saak in die doofpot probeer doen het nie, ook omdat dit gaan om sake wat die wortel van ons geloof raak. Maar om 'n herhaling van hierdie pynlike gebeurtenisse in die toekoms te voorkom, moet die hele Gereformeerde Christenheid die weg volg dat teologiese beskouinge wat enigsins nuut van aard is, eers in teologiese konferensies bespreek word en as daardeur geen bevredigende oplossing gevind word nie, dan die koninklike weg van gravamina (beswaarskrifte) en wel aan die *adres van die sinode*.
Die onophoudelike perspolemieke is een van die bronne van onrus. Niemand wil graag sien dat die Geref. teologie stagneer nie, maar daar is genoeg ruimte binne die bepalinge van die Kerkorde om 'n progressiewe Geref. teologie te beoefen.

Wat die kerkregtelike aspekte betref, wil ons opmerk dat die antisinodale rigting op anargie in die kerklike lewe afstuur opgrond van 'n eensydige beklemtoning van een kerkregtelike beginsel, naamlik die selfstandigheid van die plaaslike gemeente. Volgens hulle bly hulle by die "doleansiekerkreg" en lê die sinode 'n ondraaglike juk van hierargie op. Hulle vergeet egter dat 'n sinode ook gesag dra. Dit is juis die mooie van die Geref. kerkreg dat dit die beide uiterstes van Independentisme en Kollegialisme vermy. Die kerkreg van die antisinodales hel gevaarlik oor na die Independentisme. *As hulle standpunt konsekwent gehandhaaf moet word, is kerkregering 'n onmoontlikheid.* As iemand in die Vrygemaakte

Geref. Kerk teenoor sy sinode dieselfde houding sou inneem as prof. Schilder teenoor die van die Geref. Kerke, sou dit spoedig tot kerkontbinding lei.
As, elkeen maar vir homself kan uitmaak of hy hom gaan onderwerp aan besluite al dan nie, is die deur vir anargie wyd oopgemaak. Blykens die acta het die sinode die uiterste lankmoedigheid betoon en besware uitvoerig behandel en beantwoord.
Die beswaardes vergeet dat in die dae van die Doleansie die selfstandigheid van die plaaslike gemeente wel besonder sterk beklemtoon moes word teenoor die sinodokrasie van die Herv. Kerk, maar dat daarmee die gesag van meerdere vergaderinge, nie in die gedrang gekom het nie. Dan sou die kerke van die Doleansle in flagrante stryd gekom het met die Geref. kerklike tradisie.
Deur homself gedurig te verleng het die sinode van Sneek-Utrecht, miskien die *skyn* van sinodokrasie gewek, maar dit blyk nou tog dat sake nie anders sou verloop het nie, gesien die feit dat die nuwe sinode van 1943 die werk van sy voorganger bekragtig het.
Om aan die teëstanders ook nog hierdie stok uit die hand te neem sou dit wellig 'n veiliger weg gewees het as die sinode prof. Schilder nie ook as bedienaar van die Woord geskors het nie, maar die kerkraad van Rottterdam-Delfshaven geadviseer het om op te tree ooreenkomstig die bepalinge van die kerkorde in hierdie verband.
Prakties sou die resultaat egter dieselfde gewees het, want die kerkraad kon tog nie sonder baie gewigtige redes teen die advies van die sinode ingegaan het nie en uiteindelik moes die saak dan tog weer op die sinode as die meeste vergadering gekom het. Die teenstanders van die sinode het 'n legio van formele besware, soos dit gewoonlik gaan, en dit is wys om in hierdie opsig die veiligste weg te bewandel.

Wat die dogmatiese kwessie betref, merk ons op dat na ons oortuiging die sinode die suiwer Skriftuurlike waarheid leer. So het ons nog altyd arts.33-35 van die Ned. geloofsbelydenis gelees en die verbondsbeskouing van die antisinodales is vir ons onverstaanbaar. Dr. Polman e.a. het op oortuigende wyse aangetoon dat die besluite in die Gereformeerde lyn lê. Moontlik sou die saak van die sinode nog sterker gestaan het as die besluite nie *spesiaal* bindend gemaak is nie. Elke sinodebesluit *is* tog bindend.
Dit skyn of die spesiale binding baie geirriteer het, terwyl daar geen beroering was oor die uitspraak van 1905 nie. Nietemin - al sou die sinode ook op hierdie punte na die sin van die beswaardes gehandel het, twyfel ons tog of daardeur die skeuring verhoed sou gewees het. Blykbaar was die nuwe rigting al geruime tyd besig om te ontwikkel en het die teëstelling te skerp geword.

Ons weet daar word baie gepraat oor persoonlike kwessies, liefdeloosheid, oor verkeerde diplomasie in die kerklike lewe, oor onverdraagsaamheid, ens., maar die Kerkgeskiedenis het bewys dat agter elke leergeding persoonlike kwessies gesoek word. Wat ons wel getref het is die kalme en besadigde toon van alle stukke van die sinode teenoor die skerpe taal van sommige antisinodales.

Laat ons egter vir 'n oomblik aanneem dat die Geref. Kerke werklik tot in die grond gedeformeer is, dan nog was afskeiding op hierdie stadium definitief prematuur. Só het die groot Hervormers nie opgetree nie. Eerste plig was die stryd om kerkherstel. Dr. Polman het in sy werkie: “Zonder krijgsmanseer en vlag,” voortreflik aangetoon wat die verskil tussen die optrede van manne as Calvyn, De Cock, Kuyper e.a. aan die eenkant en die Schildergroep aan die ander kant is. Selfs diegene wat as ampsdraers geskors is, het tog lidmate gebly en as die besluite van die sinode die Skrif nie suiwer verklaar het nie, moes ook hier uiteindelik die waarheid seëvier, solank natuurlik as die Geref. Kerke nie die weg tot hervorming absoluut toegemuur het nie.

Ons wil van harte hoop dat die breuk weer geheel mag word met behoud van die waarheid, en wil aanbeveel dat 'n openhartige samespreking van verteenwoordigers van die verskillende groepe, ingeslote die Christ. Geref. kerk, sal plaasvind. Dan mag hierdie krisis nog vrugte afwerp, nie alleen vir Nederland nie, maar vir die hele Gereformeerde Christendom.

---

Vir die leser wat meer van hierdie saak wil weet, noem ons die volgende werke wat genoegsaam is om beide standpunte te leer ken:

**Van die kant van die sinode:**
- Die offisiële acta asook die Toeligting by die leerbesluite en by die skorsingsbesluit.
- Die pre-advies van Komm. I insake beswaarskrifte teen die leerbesluite.
- Ds. L. Oranje - Het gezag in de kerk van Christus.
- Dr. A. D. R. Polman - De Verklaring van Utrecht 1905 gehandhaafd.
- Dr. A. de Bondt en ds. J. Weggemans - Verbond en Doop (drie dele).
- Dr. J. Ridderbos - Kerkscheuring.
- Dr. G. M. den Hartogh - In de lijn der Afscheiding.

**Van die kant van prof. Schilder:**
- Dr. S. Greydanus - Snelle afloop als der wateren.
- Dr. S. Greydanus - Actueele vragen betreffende de wedergeboorte.
- Dr. S. Greydanus - De Schorsing van prof. dr. K. Schilder.
- Ds. C. Veenhof - In den chaos.
- Ds. J. H. Rietberg - De schorsing en de K.O.
- Dr. S. Greydanus - Zij dan deze dingen alzoo?

**- Bylaag 1 -**

## HOE OORDEELDE PROF. SCHILDER OVER 1905?[4]

*Eenige citaten*

In de jaren 1927-1929 heeft Prof. Dr. K. Schilder in "De Bazuin" vrij regelmatig de Chr. Gereformeerden bestreden, die in de uitspraak van 1905 voldoende reden zagen, waarom zij zich met de Geref. Kerken onmogelijk zouden kunnen vereenigen.

